STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

26 AUGUSTUS 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS

Voetstappe deur Filippense: Ligdraers in die wêreld.

(Fil. 2:1-18)

GESINSDIENS

Jesus troos ons. (Markus 4:35-41)

KRUISDIENS

Voetstappe deur Filippense.

(Fil. 3)

JEUGDIENS

Dapperheid

DEUROFFER

Kampe vir minderbevoorregte kinders. Kinders van minder-bevoorregte areas in die Wes-Kaap en Karoo word jaarliks na kampe by Apostelbattery Kampterrein uitgenooi.

EREDIENSTE

			26 Augustus Nagmaal		2 September Onderwysdiens	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	1/5	Gesamentlike diens: Ds. Breytenbach	3 7
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Kotze	9/6	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Duvenhage	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	12	Ds. Potgieter	13

GESAMENTLIKE DIENS – 2 SEPTEMBER

Op Sondag 2 September om 09:00 hou ons 'n gesamentlike erediens in die kerk met die fokus op onderwys. Die Here het ons geseën met 'n verskeidenheid plaaslike speelskole, laerskole, hoërskole en tersiêre opleidingsinstansies, wat bydra om ons kinders te vorm sodat hulle 'n verskil in die wêreld kan maak. Tydens dié erediens wil ons graag die roeping en taak van opvoeders in ons gemeenskap eer. Neem asb. kennis dat daar geen gesins- of meditatiewe diens op 2 September sal wees nie – almal skakel by die gesamentlike diens in.

SANGERS BY DIE GESINSDIENS

Ons benodig dringend voorsangers by die Gesinsdiens. Kontak asb. vir Riëtte Breytenbach by 076 637 9671 indien jy wil saamsing.

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- GRAAD 1 TOT 7: Ons ontmoet almal vanoggend in die kleinsaal. Lede van Geopende Deure kom met ons gesels oor die vervolging van Christene in ander lande.
- JEUGDIENS: Begin om 18:00 met kleingroepe wat daaruit voortvloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondae om 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae om 18:30. Kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- BELYDENISKAMP: 31 Augustus – 2 September. Inskryfvorms is by die jeugkantoor beskikbaar. Ons benodig ook leiers. Skryf asb. so gou moontlik in.

FAMILIEKAMP 30 NOV. TOT 2 DES.

Ons gaan vanaf 30 Nov. tot 2 Des. as gemeente saam by die Vloedbos-kampeerterrein in Caledon kampeer. Die kampterrein het 'n swembad en 'n waterwurm. Staanplekke @ R400 per nag. Bespreek jou plek voor einde Sept. direk by die kampeerterrein – Demichelle of Mariska, 083 359 1505 of info@vloedbos.co.za en dui asseblief aan dat julle deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is.

MANNEKAMP 9 TOT 11 NOVEMBER

Hou die datums oop. Kom beleef geestelike verdieping, saamwees en 'n geleentheid om die Heilige Gees weer te ervaar. Ons hoop om die mannekampe te laat herleef en hierdie is die eerste aanbieding. Koste: R950.00, sluit etes en materiaal in.
Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448. Besprekings: Lindy by 021 976 4519 of lindy@stellenberg.co.za, R400 deposito.

KATEGESE

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1 tot 7: Kleinsaal

Graad 8: Jeuglokaal

Graad 9: Kerk

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

BREIGROEP

Die groep kom weer op Maandag 3 September om 09:30 in die markplein byeen.

Kontak Ria
083 519 0602 met enige navrae.

PLANTETAFEL

In aansluiting met boom-plantmaand in September sal die Kweek-vir-die-Here-span op Sondag 2 Sept. om 10:00 'n plantetafel aanbied. Maak gerus 'n draai by hulle onder die motorafdakke.

ONS BID VIR MEKAAR

Hein Cilliers, Fairtrees-aftreeoord is in die intensiewesorgeenheid van *Cape Gate Mediclinic* opgeneem.

VATVYF SAALBYEENKOMS

Die Kweek-vir-die-Here-span besoek ons op Woensdag 29 Augustus. Hulle gaan meer oor hulle werksaamhede vertel, asook hoe die fondse wat hulle genereer, aangewend word. Ons ontmoet om 09:30 in die kleinsaal vir tee en verversings. Geen besprekings.

BYBELSKOOL – DERDE KWARTAAL

Die woord Genesis beteken "begin" of "oorsprong". Genesis se verhale word ondersoek om te bepaal hoe God se lewensasem in die hele skepping uitgebeeld word. Dit sal ons 'n nuwe perspektief oor ons eie plek binne die skepping bied.

Datums: Dinsdagaande (28 Aug. en 4,11,18 Sept.) 19:00-20:30.
Nuwelinge kan nog inskakel. Plek: Stellenberg Kleinsaal
Koste: R30 donasie vir afdrukke. Aanbieder: ds. Breytenbach
Inskrywings: Karin Barter 021 976 4519 of karin@stellenberg.co.za

GEMEENTENUUS

Ons skakel graag elektronies met lidmate en stuur weekliks die bulletin en maandeliks die Stellenberger aan almal op ons verspreidingslys. Indien jy nie die inligtingstukke ontvang nie, stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za of kontroleer vanoggend na die erediens by die inligtingstoonbank of jou gegewens korrek is. Gedrukte weergawes word ook in die voorportaal van die kerk en kleinsaal geplaas vir almal sonder e-pos.

GEBEDSGROEPE

- Maandag om 09:15 – vrouebiduur in die gebedskamer.
- Dinsdag om 18:30 – gebedsbyeenkoms in die kapel. Lidmate wat die Bybelskool bywoon, is welkom om vooraf saam te kom bid.
- Donderdag om 06:00 – gebedsbyeenkoms vir mans in markplein.

EDELWEISS NAGMAAL

26 Augustus om 17:30
1 Korintiërs 11:23 – 26
Totdat Hy kom . . .

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 30 Augustus om 15:00 en 15: 45
Handelinge 18: Onderweg na en van Antiogië . . .

MASSA-SAAMSINGBYEENKOMS

Lofsang en dank met 'n nuwe klank word op 8 Sept. om 19:00 in Kaapstad se Stadsaal deur Bybelmedia aangebied.

Kaartjies @ R200 per persoon by besprekings@bmedia.co.za of 0860 263 342.

CONSPIRITO-KOOR

Bied aan: Kroningsmis van Mozart op 25 Aug. om 19:30 by NG Kerk Bellville-Uitsig. Kaartjies @ R130 en R90 p.p. by die deur of *webtickets.*

IS JY NUUT IN DIE GEMEENTE?

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggend-dienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of gesels na die diens met die prediker.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- **Christiaan Johannes (Willem) Minnie,** gebore 11/11/1933 en oorlede op 20/08/2018. Sy roudiens was op Vrydag 24 Augustus in die kerk. Ons meegevoel met sy vrou, Georgina, Everzicht 9 en kinders wat hy agterlaat.
- **Thomas Dennis Wait,** gebore 21/07/1935 en oorlede op 15/08/2018. Hy het voorheen in Kendal 72 gewoon. Ons meegevoel met sy vrou, Marian en kinders wat hy agterlaat.

VOSBURG KAROOKUIER 7 SEPT. 15:00

- **Drie kasregisteroperateurs** teen vergoeding word vir die Vosburg Karookuier benodig. Slegs lidmate en persone met vorige ervaring kan vir Christine Ferreira by 083 440 2086 kontak.
- **Vrywillige helpers** benodig wat pannekoek kan bak en verkoop, poeding kan maak en verkoop en ook gaar kos kan help verkoop. Kontak asseblief vir Karen by 082 827 9389.
- **Skenk asseblief die volgende produkte:** Suiker, kaneel, koekmeel, mayonaise, kondensmelk, aartappels en vla. Bydraes kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgegee word.

BORG VIR OOM TIENIE

Die 87-jarige Tienie van Zyl, oudste lid van Bellville Atletiekklub, gaan op 3 Oktober aan die Bakgat-padwedloop (10 km) deelneem om fondse vir Ruyterwacht Senior Sentrum in te samel. Hy verwelkom enige borge. Inbetalings kan elektronies na Ruyterwacht Senior Sentrum, ABSA, Tjekrekening 390 169 582, Takkode 6320005 gemaak word.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator
- Musiekterapeut

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

SNAPSCAN

Gebruik die slimfoon-toepassing om enige oorbetaling na die gemeente te maak. Hier is die gemeente se skanderingskode.